DIE OOSTELIKE PROVINSIE TWEEKAMPVERENIGING

# TEGNIESE REëLS VIR ATLETE

Uittreksel van Tegniese Reëls (April 2012) van
Die Suid Afrikaanse Tweekamp Vereniging

1. Inleiding. Tweekamp is ‘n unieke en onafhanklike vorm van sport waar atlete meeding in hardloop- en swemitems ten einde hulle veelsydigheid te meet aan die hand van voorafopgestelde puntetabelle wat gebaseer is op tye wat hul behaal. Die sport maak ook voorsienning dat verskillende ouderdomsgroepe so kan meeding dat alle atlete dieselfde voordeel behaal ongeag hul ouderdom. Tweekamp is nie bedoel om met enige tipe atletiek- of swemaktiwiteite mee te ding nie alhoewel baie van die sportsoorte se reëls ook in Tweekamp toegepas word. Die afstande waarin meegeding word maak die sportsoort uniek en oor die jare is dit bewys dat uiterste goeie veelsydigheid benodig word om sukses te bereik.

2. Ouderdomsgroepe. Deelnemers neem as seuns/mans en dogters/dames deel in die volgende ouderdomsgroepe:

   - Onder 9.
   - Onder 11.
   - Onder 13.
   - Onder 15.
   - Onder 17.
   - Onder 19.
   - Seniors (Ope) (19 tot 26 jaar).
   - Junior Veterane (27 tot 40 jaar).
   - Veterane (41 tot 49 jaar).
   - Senior Veterane (50 tot 59 jaar).
   - Meesters (60+jaar).

   Nota 1 : Onder 9 neem nie tans op Nasionale vlak deel nie. Onder 9 mag aan Interprovinsiale byeenkomste deelneem.

   Nota 2 : Atlete neem in hul onderskeie ouderdomsgroepe deel, met die voorbehoud dat enige atleet in die ouderdomsgroep onder 17 en ouer, mits die atleet aan die kwalifiserende vereistes voldoen, in die senior (ope) groep mag deelneem, en in spanverband slegs indien die ouderdomsgroep waarin die atleet val reeds die maksimum getal gekose atlete het.

3. Ouderdomsbepaling.

   Die ouderdom van die atleet soos op 31 Augustus bepaal in watter ouderdomsgroep hy/sy sal deelneem. Die seisoen strek van 1 September tot 31 Augustus van die volgende jaar.

4. Samestelling van Spanne:

   4.1. Nasionale Kampioenskappe. Elke Provinsie is geregtig om slegs een span, bestaande uit ‘n maksimun van 5 lede per ouderdomsgroep, vir die byeenkoms in te skryf, met dien verstande dat die Provinsie wat die byeenkoms aanbied 6 atlete per ouderdomsgroep mag inskryf.

   4.2. Interprovinsiale Byeenkomste. Elke Provinsie mag ‘n A, B en Ontwikkelingspan, bestaande uit nie meer as 4 lede per span, inskryf vir die byeenkomste.

5. Individuele Deelname:

   5.1. Geen individuele deelname word as ‘n reël toegelaat nie. Alle atlete moet by ‘n Provinsie geaffilieer wees.

   5.2. Die Nasionale Bestuur mag egter individuele atlete, wat aan uitsonderlike hoë standaarde voldoen, nooi om aan geselekteerde byeenkomste deel te neem. Prestasies van die genooide atlete kwalifiseer nie vir enige rekords/medaljes nie.

6. Puntetabelle.

   Atlete se prestasie word slegs bepaal deur die hardloop- en swemtye te verwerk volgens die goedgekeurde Tweekamp Tabelle.

7. Bonuspunte.

   Atlete wat deelneem in die junior veterane-, veterane-, senior veterane- en meesters kategorieë, ontvang 15 bonuspunte vir elke jaar wat hy/sy ouer is as die minimum ouderdom van die groep waarin hy/sy deelneem.

8. Swem.

   Die swemitems vind plaas na die hardloopitems op dieselfde dag. Enige van die vier amptelike swemslae mag gebruik word. Genoegsame tyd moet toegelaat word tussen die twee aktiwiteite ten einde beamptes in staat te stel om die aktiwiteite op ‘n hoë standaard aan te bied.

9. Volgorde en Afstande van Deelname. Die volgorde is soos volg: (Items mag saam aangebied word om goeie vloei te verseker)

| Ouderdom | Hardloopafstand | Swemafstand |
|---|---|---|
| Seuns O/9 | 800m | 50m |
| Dogters O/9 | 800m | 50m |
| Seuns O/11 | 800m | 50m |
| Dogters O/11 | 800m | 50m |
| Meester Mans | 800m | 50m |
| Meester Dames | 800m | 50m |
| Seuns O/13 | 1200m | 100m |
| Dogters O/13 | 1000m | 100m |
| Senior Veterane Mans | 1000m | 100m |
| Senior Veterane Dames | 1000m | 100m |
| Seuns O/15 | 2000m | 100m |
| Dogters O/15 | 1000m | 100m |
| Veterane Mans | 1000m | 100m |
| Veterane Dames | 1000m | 100m |
| Senior (ope) Mans | 2000m | 100m |
| Senior (ope) Dames | 2000m | 100m |
| Junior Veterane Mans | 1000m | 100m |
| Junior Veterane Dames | 1000m | 100m |
| Dogter O/17 | 1000m | 100m |
| Seuns O/17 | 2000m | 100m |
| Dogters O/19 | 1000m | 100m |
| Seuns O/19 | 2000m | 100m |

10. Kleredrag.

Tydens huishoudelike byeenkomste dra atlete kleredrag soos bepaal deur die onderskeie provinsies. Tydens Interprovinsiale- en Nasionale byeenkomste sal atlete geklee wees in die kleredrag van die provinsie wat hy/sy verteenwoordig. Tydens swem is ‘n ondeurskynende eenstuk kostuum wat nie langer as knielengte is nie, en wat aan die FINA reëls voldoen, ‘n vereiste. Twee kostuums mag nie oormekaar gedra word nie.

11. Onttrekkings en Vervangings.

Onttrekkings tydens Interprovinsiale byeenkomste geskied volgens die prosedures wat onderling tussen die provinsies bepaal word. Goeie praktyk is egter om onttrekkings tydens die bestuursvergadering die dag voor die aanvang van die byeenkoms te doen. Onttrekkings tydens Nasionale byeenkomste moet plaasvind tydens die bestuursvergadering die dag voor die byeenkoms. Die atleet se inskrywingsgelde bly egter steeds betaalbaar. Onttrekkings op die dag van die Nasionale byeenkoms moet deur die betrokke spanbestuurder aan die sportorganiseerder kommunikeer word. Slegs in uitsonderlike gevalle sal die Sportorganiseerder toelaat dat ‘n atleet wat onttrek word deur ‘n ander atleet vervang word, met ‘n maksimum van twee vervangings per provinsie.

12. Uitdunne.

Die sportorganiseerder bepaal die groottes van die onderskeie uitdunne maar dit behoort nie 16 te oorskry tydens die hardloopitems nie. Swemuitdunne word bepaal volgens die aantal bane beskikbaar.

13. Hulp aan Atlete.

Die enigste hulp wat atlete mag ontvang is die rondtetye wat die tydhouers mag uitroep by die voltooiing van ‘n baanrondte en ondersteuning vanuit die pawiljoen deur ondersteuners. Geen ander hulp (oordra van inligting anders as vanaf die pawiljoen, pas aangee of watter ander metodes ook al), mag verskaf word nie. Atlete wat ontoelaatbare hulp ontvang sal gediskwalifiseer word.

14. Gelykopuitslae.

Dit is moontlik dat atlete gelykop kan eindig nadat die punte vir die hardloop en swem verwerk is. Indien die gelykopuitslae in die eerste drie plekke van toepassing is, word die oorhandiging van medaljes soos volg hanteer:

14.1. Twee atlete deel die eerste plek – oorhandig twee goue medaljes, geen silwer medalje, een brons medalje.

14.2. Twee atlete deel die tweede plek – oorhandig een goue-, twee silwer en geen brons nie.

14.3. Twee atlete deel die derde plek – oorhandig een goue-, een silwer- en twee brons medaljes.

15. Rekords.

Die volgende is van toepassing:

15.1. ‘n Register met nasionale rekords per ouderdomsgroep moet deur die Nasionale President bygehou word. Die naam van die atleet, datum van die rekord en puntetotaal word hierin vervat.

15.2. Slegs rekords opgestel tydens byeenkomste wat volgens die tegniese reëls gehou is, mag erken word. Waar ‘n nasionale rekord op ‘n ander byeenkoms as die Nasionale Kampioenskappe verbeter word, moet die betrokke provinsie by die nasionale bestuur aansoek doen om die rekord te erken waarna alle provinsies in kennis gestel sal word van die prestasie.

15.3. Interprovinsiale rekords word deur die organiseerders van die byeenkomste op dieselfde wyse as nasionale rekords bygehou.

15.4. Provinsiale rekords word op dieselfde wyse deur die onderskeie provinsiale voorsitters bygehou.

16. Stimulering en Verdowing word ten sterkste verbied. Waar dit duidelik is dat ‘n atleet enige stimulant en/of verdowingsmiddel gebruik het sal hy/sy gediskwalifiseer word.

17. Trofeë by Nasionale Kampioenskappe. Die volgende word toegeken:

17.1. Die *NASIONALE SKILD* – Word toegeken aan die provinsie wie se onder 11,13,15,17,19 se seuns- en dogterspanne die meeste punte verwerf het.

17.2. Die *STAN WALTER* Trofee – Word toegeken aan die provinsie wie se Senior(ope), Junior Veterane, Veterane, Senior Veterane en Meesters se mans en dames spanne in totaal die meeste punte verwerf het.

17.3. Die *LES COX* Trofee – Word toegeken aan die provinsie wat die meeste punte verwerf het in al die seuns/mans en dogters/dames afdelings.

17.4. Die *CHRIS JANSEN* Trofee is die Victor Ludorum Trofee - Word toegeken aan die seun/mans atleet wat na oordeel van die Nasionale keurders die beste manlike atleet tydens die kampioenskappe was.

17.5. Die *ARCHIE MARKGRAAF*F Trofee is die Victrix Ludorum Trofee - Word toegeken aan die dogter/dames atleet wat na oordeel van die Nasionale keurders die beste dogter/dames atleet tydens die kampioenskappe was.

17.6. Die *VICTOR HESSE* Trofee – Word toegeken aan die manlike atleet met die hoogste puntetotaal.

17.7. Die *KOTZENBERG* Trofee – Word toegeken aan die damesatleet met die hoogste puntetotaal.

17.8. Die *SANLAM* Trofee – Word toegeken aan die ontwikkelingsatleet wat na oordeel van die Nasionale keurders die beste ontwikkelingsatleet tydens die kampioenskappe was.

17.9. Die *PRESIDENT* Trofee – Word toegeken aan die provinsie wat die meeste punte behaal het gebaseer op die aantal medaljes wat verower is. Punte word uitgewerk op basis van 3, 2 en 1 vir goue, silwer en brons medaljes.

18. Uitslae.

Individuele- en spanuitslae sal aan die spanbestuurders bekend gemaak word op ‘n tyd en plek soos deur die sportbestuurder van die betrokke byeenkoms bepaal word. Enige beswaar teen ‘n resultaat of uitslag moet gou moontlik na bekendmaking van die uitslae aan die byeenkomsorganiseerder gerig word. Uitslae van Nasionale en Interprovinsiale byeenkomste sal op die eerste werksdag na die betrokke kompetisie, op SA Tweekamp se amptelike webblad (www.sabiathlon.co.za) beskikbaar wees. Dit is die verantwoordelikheid van die organiseerders van die byeenkoms. Spankompetisies se uitslae word bepaal deur die totale aantal punte van die eerste drie deelnemers in elke ouderdomsgroep van die provinsiale A span.

19. Wysiging van die Reëls.

Enige voorstelle vir wysiging van die reëls moet deur die onderskeie provinsies skriftelik aan die nasionale bestuur voorgelê word vir oorweging. Kommentaar sal vanaf die provinsies versoek word en wysigings sal op die eerste Algemene Jaarvergadering nadat die kommentaar ontvang is, bespreek, en deur ‘n meerderheidstem goed of afgekeur word.

-o-O-o-